Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: **nuusbrief@framesby.co.za**

Uitgawe 139: 17 November 2017

BEGROTING: SKOOLGELD 2018

Ons het die afgelope weke gereeld oor die begroting vir 2018 berig, en u herhaaldelik herinner aan die algemene ouervergadering wat gisteraand plaasgevind het. Die doel van hierdie vergadering, soos die Skolewet voorgeskryf, is om die begroting, soos opgestel deur die Beheerliggaam, aan die ouergemeenskap voor te lê, en dat die begroting, en uiteraard hoe die inkomste deur skoolgelde ingesamel sal word, goedgekeur word.

By hierdie vergadering is die aanwesige ouers ingelig oor die stand van die skool se finansies vir die huidige finansiële jaar, waaruit dit duidelik was dat daar baie omsigtig met die finasies omgegaan word en dat die skool baie goed daarin slaag om binne sy begroting te funksioneer. Hierna is die begroting vir 2018 voorgelê. Die grootste kenmerk van die begroting is dat daar, in die lig van die huidige ekonomiese klimaat, tans vir geen groot kapitale projek(te) begroot word nie. Voorsiening word egter gemaak vir die opbou van reserwe-fondse om toekomstige kapitaalprojekte te befonds. Die belangrikste hiervan is die aankoop van skoolbussies en die opgradering van ons rekenaars in die rekenaarlaboratoriums.

Uit die opsomming van die stand van sake, sowel as die begroting vir 2018, is dit duidelik dat die toestaan van kortings op die betaling van skoolgelde, asook wanbetaling deur 'n groot getal ouers, die grootste enkele struikelblok is in die pad van die uitbreiding en ontwikkeling van fasiliteite. Dit bly ondenkbaar dat sommige ouers hul kinders baie graag in Framesby wil laat skoolgaan, maar geen bydrae wil lewer om die uitnemende onderrig en afrigting, asook die ongelooflike geleenthede wat aan Framesby-leerders gebied word, in stand te help hou en uit te bou nie. Het dit nie tyd geword dat elke Framesby-ouer onomwonde besluit om alles in sy of haar vermoë te doen om 'n bydrae, hoe klein ook al, te maak om die beste opvoeding vir elke Framesby-leerder te waarborg nie?

Die skoolgeld vir 2018 is as volg: R20 700 vir die volle jaar. Dit kom neer op R2 700 in Januarie, en daarna R1 800 per maand vir die volgende 10 maande tot November 2018. Die invorderingsbeleid vir die skoolgeld sal met die rapporte aan elke huishouding verskaf word.

Intussen het die skool 'n ooreenkoms gesluit met die ontwikkelaars van die Karri-toepassing ("App"), waarmee alle kleiner betalings, bv. vir nota's, toere, kampe, ens.kosteloos gedoen kan word op u foon, tablet of rekenaar. U sal ook 'n brief hieroor met die rapporte ontvang.

VAKVERANDERINGE: GR. 12 VIR 2018

Die Departement van Onderwys se beleid rakende vakveranderinge vir Graad 12 is onlangs weer bevestig en die volgende reëls geld:
'n Leerder mag EEN van vir Graad 12 verander, op voorwaarde dat die versoek vir 'n verandering die skool voor of op 7 Desember 2017 bereik. GEEN veranderinge kan in 2018 orrweeg word nie. Alle Graad 11's sal hierdie week 'n brief in hierdie verband ontvang.

Matriek-getuigskrifte beskikbaar vanaf 24 November

Rapporte
Beskikbaar op Woensdag 6 Desember (07:30 tot 08:30) Skoolsaal

Vakveranderinge
Gr. 12 2018
GEEN veranderinge moontlik ná 8 Desember (Berig langsaan)

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag
Tiana Cloete 12D
Ronaldo May 12B
Bianca Pretorius 12F

Sondag
Chanté van Rooyen 11C

Maandag
Freddie Steffens 10C

Dinsdag
Ina Botes 9D
Anro Botha 10C

Woensdag
Keegan Verwey 11F

Donderdag
Shannon-Lee Claasen 10D
Francois la Grange 9F

Vrydag
Nevan Bain 9D
Christian van den Berg 9G

FRAMESBY IS TROTS OP....

CORNELL DU PREEZ BEGIN TEEN ALL BLACKS!



Ons het verlede week die fantastiese nuus verneem dat Cornell du Preez, wat in 2009 by Framesby gematrikuleer het, ingesluit is in die beginspan van Skotland wat Saterdag naelskraap teen die All Blacks verloor het. Framesby het twee Springbokke opgelewer, maar beide van hulle het slegs in toerwedstryde vir die Bokke gespeel. Cornell is dus ons eerste oud-speler wat in ‘n volwaardige toets gespeel het. Hy het wel reeds vroeër vanjaar in twee Sesnasie-toetswedstryde gespeel, en het verlede week teen Fiji as plaasvervanger vir Skotland diens gedoen, maar Saterdag se toets was sy eerste as eerstekeuse-agsteman vir sy aangenome land.

Ons is ongelooflik trots op hierdie wonderlike prestasie. Cornell het in 2008 na Framesby gekom en homself baie gou gevestig as een van die staatmakers in die eerstespan. As losvoorspeler met ‘n ongelooflike temperament en tonne talent, het hy nie net respek by sy spanmaats en opponente afgedwing nie, maar in byna elke wedstryd ‘n baie groot impak gehad. In 2009 is hy opgeneem in die OP Akademiespan, en is na afloop van die Akademietoernooi opgeneem in die Suid-Afrikaanse Akademiespan wat daardie jaar aan die Cravenweek in Oos-Londen deelgeneem het. Baie duidelik het die OP Skolekeurders lelik misgetas deur hom nie vir die Cravenweekspan te kies nie! Reeds in 2008 het hy baie groot indruk gemaak tydens die PUK Skole-skouspel en ná die 2009-toernooi is hy ‘n beurs aangebied om by die Noordwes-Universiteit te studeer en vir hulle rugby te speel.

By die Pukke het hy vinnig homself gevestig as ‘n sleutelspeler, en met sy indrukwekkende kragspel het hy die oog gevang van die SA O/20-keurders. Sy harde werk is beloon toe hy in 2011 opgeneem is in die Suid-Afrikaanse O/20-rugbyspan wat aan die O/20-Wêreldbekertoernooi deelgeneem het. Tydens sy verblyf in Potchefstroom het hy die Pukke in die Varsitybeker-kompetisie verteenwoordig, sowel as die Luiperds op O/19- en O/21-vlak. In 2012 het hy na Port Elizabeth verhuis en die OP Kings in die Curriebeker-kompetisie verteenwoordig, waarna hy opgeneem is in die Southern Kings-groep wat in 2013 aan die Superrugby-reeks deelgeneem het. Tydens die 2013-Curriebekerseisoen het die OP hom van sy kontrak vrygestel en het hy hom aangesluit by Edinburgh Rugbyklub in Skotland. Ook hier het hy hom baie vinnig gevestig as ‘n sleutelspeler en was dit duidelik dat hy vir hoër louere bestem is.

Soos dit egter dikwels met sportsterre gebeur, is Cornell se loopbaan in 2014 tot stilstand geruk toe hy ‘n ernstige kniebesering opgedoen het. Die gevolg was dat hy die grootste deel van die 2014/15-seisoen misgeloop het. Nadat hy van die besering herstel het, het hy homself deur harde werk weer gevestig as ‘n staatmaker in die Edinburgh-span, en nadat hy in November 2016 gekwalifiseer het om vir Skotland oorweeg te word, is hy in die Skotse groep opgeneem vir die Sesnasie-reeks. Hy het as plaasvervanger teen Engeland sy debuut gemaak, en daarna ook teen Italië gespeel.

Framesby bars van trots en ons wens Cornell net die beste toe met sy loopbaan.

PROGRAM VIR DIE WEEK 11 TOT 17 NOVEMBER

Saterdag 18 November	Sondag 19 November	Maandag 20 November	Dinsdag 21 November	Woensdag 22 November	Donderdag 23 November	Vrydag 24 November
		Eksamen vir alle grade	Eksamen vir alle grade	Eksamen vir alle grade	Eksamen vir alle grade	Eksamen vir alle grade

FRAMESBY BLY AAN DIE GANG!

MISCHKA GAAN VAN KRAG TOT KRAG!

Oor die afgelope twee jaar kon ons met trots berig dat Mischka Strydom, vanjaar in Graad 9, die wêreld aan die brand ry op haar fiets. Sy het as jong ryers haarself binne 'n kort tydjie gevestig as nie net een van die beste fietsryers in die Oos-Kaap nie, maar ook in Suid-Afrika. Sy het reeds etlike goue medaljes op die SA-Kampioenskappe verower en het ook in die buiteland met groot sukses deelgeneem. Haar harde werk, prestasies en status as top-ryer is verlede Saterdag tydens die jaarlikse prysuitdeling van Oos-Kaap Fietsry deeglik beloon toe sy die volgende toekennings ontvang:

Sy het algehele tweede plek verwerf in die Oos-Kaap distrik se O/17 meisie-afdeling. Hierdie kompetisie bestaan uit drie padwed-renne. Wat haar prestasie uitsonderlik maak, is dat sy net aan twee van die wedrenne kon deelneem aangesien sy tydens die derde wedren in die Kaap aan SA baankampioenskappe deelgeneem het deelgeneem het, en sodoende nie genoeg punte kon verwerf om die eerste plek te verower nie. Sy het verder provinsiale kleure verwerf vir beide Pad- en Baanfietsry en is aangewys as de beste Jeug-meisiefietsryer vir 2017. Baie geluk, Mischka. Dis 'n groot prestasie, veral as in ag geneem word dat daar baie talentvolle ryers in die Oos-Kaap is! Sterkte met die voorbereiding vir 2018!

DIE EINDE VAN DIE EKSAMEN IS HIER!

Die laaste week van eksamen vir die Graad 8 tot -11-leerders het aangebreek. Sommige Graad 10-leerders het reeds klaar geskryf, maar almal, maak hierdie week klaar. Ons Graad 12's skryf egter eers op Maandag 27 November hul laaste vraestel. Baie sterkte met die laaste skof! Die eksamenrooster vir hierdie week is as volg:

	Graad 8	Graad 9	Graad 10		Graad 11		Graad 12	
			09:00	14:00	09:00	14:00	09:00	14:00
Ma 20/11	Afr V4 Eng V4	Wiskunde	Rek		LW V2	Eng. P1		IGO V2
Di 21/11	Musiek Xhosa	Tegnolo-gie	LW V2		Mus. V2	Afr V2		
Wo 22/11	Musiek Prakties	Afr HT V3 Eng HL P3				VS	Mus. V1	Mus. V2
Do 23/11	EBW	Musiek Prakties					BS	
Vr 24/11		Eng FAL P3					Afr. V3	

Die reëlings vir die res van die kwartaal is as volg:

Die formele onderrigprogram vir al ons leerders kom tot 'n einde wanneer die eksamen afgehandel is. Leerders hoef dus nie verder skool by te woon nie. In gevalle waar daar egter spesifieke reëlings getref is vir addisionele klasse, sportoefeninge of komiteevergaderings, moet leerders te alle tye beskikbaar wees.

Rapporte sal op Woensdag 6 Desember vanaf 07:30 tot 08:30 in die skoolsaal beskikbaar wees. Die rapporte moet deur die leerder of sy/haar ouers afgehaal word. In gevalle waar 'n ander persoon die rapport in ontvangs moet neem, MOET die betrokke Graadhoof voor of op Vrydag 24 November skriftelik in kennis gestel word. Onder geen omstandighede sal 'n rapport sonder hierdie skriftelike kennisgewing aan 'n derde party oorhandig word nie.

IETS VIR DIE SIEL EN ALGEMEEN

THE ETERNAL GOAL

By Myself I have sworn, says the Lord, because you have done this thing…I will bless you…

Genesis 22:16-17

Abraham, at this point, has reached where he is in touch with the very nature of God. He now understands the reality of God. "My goal is God Hiself …. At any cost… by any road". "At any cost…by any road" means submitting to God's way of bringing us to the goal.

There is no possibility of questioning God when He speaks, if He speaks to His own nature in me. Prompt obedience is the only result. When Jesus says, "Come," I simply come; when He says, "Let go," I let go; when He says, "Trust God in this matter," I trust. This work of obedience is the evidence that the nature of God is in me. God's revelation of Himself to me is influenced by my character, not by God's character.

"'Tis because I am ordinary, Thy ways so often look ordinary to me."

It is through the discipline of obedience that I get to the place where Abraham was and I see who God is. God will never be real to me until I come face to face with Him in Jesus Christ. Then I will know and can boldly proclaim, "In all the world, my God, there is none but Thee, there is none but Thee."

The promises of God are of no value to us until, through obedience, we come to understand the nature of God. We may read some things in the Bible every day for a year and they may mean nothing to us. Then, because we have been obedient to God in some small detail, we suddenly see what God means and His nature is instantly opened up to us. "All the promises of God in Him are Yes, and in Him Amen…" (2 Corinthians 1:20). Our "Yes" must be born of obedience; when by obedience we ratify a promise of God by saying, "Amen," or, "So be it." That promise becomes ours.

Uit: *My Utmost for His Highest*, deur Oswald Chambers.

WISDOM FROM OSWALD CHAMBERS

If there is only one strand of faith amongst all the corruption within us, God will take hold of that one strand. *Not Knowing Whither, 888 L*

REKENAAR-FUNDI'S WEER OPPAD NA J'BURG!

Nadat ons Rekenaarklub verlede jaar pragtig presteer het en in die First Lego League deurgedring het na die nasionale finaal, het hulle hierdie prestasie vanjaar herhaal. Ons is weer aangewys as die streekswenners van hierdie kompetisie en ons span reis binnekort na Johannesburg om daar, op 1 en 2 Desember aan die nasionale finaal deel te neem.

Vir hierdie kompetisie maak spanne gebruik van robotte wat deur Lego voorsien word, wat geprogrameer word om 'n reeks opdragte uit te voer. Hierdie opdragte behels dat die robot op 'n baan wat spesifiek hiervoor ontwerp is, rondbeweeg en spesifieke take uitvoer. Vir al hierdie bewegings en aksies moet die robot spesifiek geprogrameer word. Die robot beweeg dus nie met behulp van 'n afstandbeheer nie, maar slegs volgens die program waarmee dit geprogrameer is. Baie geluk aan ons span! Gaan wys die res van die land waar Dawid die wortels gegrawe het!

ATLETE ONTMOET WÊRELDKAMPIOEN!

'n Groepie van ons atlete is verlede Vrydag by die Oval verras met die teenwoordigheid van ons eie wêreldkampioen in die verspring, Luvo Manyonga. Hier pryk hulle trots saam met hom!